

Maandag 17 September

Skrifgedeelte: Rigters 11:1-27

Fokusgedeelte: Rigters 11:12-27

Die waarheid sal seëvier

Die Here het in sy Woord seker gemaak die volk beseft dat dit om Hóm gaan en nie bloot oor wat Hy gee nie (Rigt. 10:6-18). Net so klaar Jefta dit met die leiers van Gilead uit of dit werklik oor sy leierskap gaan en nie bloot oor wat hy hulle kan bied nie. Eers tóé stem hy in om hulle rigter te wees en gaan hy met hulle saam die Ammonitiese leer tege-moet (:11).

Hy maak egter nie onmiddellik oorlog nie. Hy soek eers vrede (:12). Teenoor die onreg-verdige aantygung van die koning (:13), stel Jefta die waarheid (:15-27). Hy redeneer op historiese (:15-22), teologiese (:23-24) en juridiese gronde (:25-27) dat die Ammonitiese koning dit verkeerd het; Israel het nie verkeerd teen hulle opgetree nie. Dit het egter op dowe ore geval (:28).

Die waarheid moet vertel word en vrede moet gesoek word, maar dit werk nie altyd so uit nie. Per slot van rekening het ons Here Jesus Christus "... geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie". Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie; toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar *alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel*" (1 Pet. 2:22-23). Ons Here Jesus Christus het dit in absolute sin gedoen. Ook Jefta, in sy menslike onvolkomenheid, het dit gedoen (:27).

Jy wat deur die bloed van Jesus Christus met God versoen is, is dit ook jou uitgangspunt?

Sing: Psalm 139-1:1, 12

Ds. GC (Awie) Verhoef (Wierdapark)